# HOOFSTUK 5

## 'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

### 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is die breë beginsels van onderwyserprofessionaliteit bespreek. In hoofstuk 3 is daar gekonsentreer op die statutêre determinante wat 'n rol kan speel by die samestelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit in 'n veranderende Suid-Afrika. In hoofstuk 4 is aandag gegee aan die gemeenregtelike determinante wat 'n invloed kan uitoefen op die daarstelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit in 'n veranderende Suid-Afrika.

Die statutêre determinante soos vervat in hoofstuk 3 van die Grondwet, naamlik fundamentele menseregte, is vir die meeste Suid-Afrikaners vreemd. Die feit dat daar nie voorheen 'n akte van menseregte in Suid-Afrika bestaan het nie, bring mee dat daar min kennis in verband met die interpretasie en toepassing van so 'n akte van menseregte bestaan. Die howe, en veral die Konstitusionele Hof, sal by die uitleg van hierdie bepalings 'n uiters belangrike rol vervul. Artikel 35 (1) van die Grondwet (200:1993) erken die kompleksiteit in die uitleg van die bepalings van onder andere hoofstuk 3 van die Grondwet.

Ingevolge Artikel 35 (1) van die Grondwet kan die howe van vergelykbare buitelandse hofbeslissings gebruik maak wanneer die bepalings van onder andere hoofstuk 3 van die Grondwet uitgelê word. Die onderwys en onderwyserprofessionaliteit in die besonder word baie duidelik deur die statutêre bepalings beïnvloed, soos aangedui in hoofstuk 3. Daarom is dit belangrik dat daar parallelle getrek moet word met buitelandse menings en uitsprake oor onderwyserprofessionaliteit. Daar sal in hierdie opsig veral aandag geskenk word aan lande met soortgelyke bepalings as dié van Suid-Afrika.

Soos reeds in hoofstuk 2 aangedui, berus onderwyserprofessionaliteit hoofsaaklik op die gedrag en bevoegdheid van onderwysers. Daarom val die klem in hierdie hoofstuk op hierdie twee aspekte van onderwyserprofessionaliteit. Sekere aspekte van hoofstuk

van die Grondwet (200:1993) wat moontlik 'n uitwerking op 'n model vir onderwyserprofessionaliteit kan hê, sal ook kortliks aangeraak word.

Die derde doelwit van hierdie navorsing, soos in paragraaf 1.3 uiteengesit, is om 'n wyer perspektief op aspekte van onderwyserprofessionaliteit te verkry. In hierdie bespreking sal aandag geskenk word aan aspekte wat in 'n breër "gemeenskap" as wangedrag en spesifiek professionele wangedrag aanvaar word. Daar sal gekyk word na die wyse waarop ander lande aspekte van fundamentele menseregte in die onderwysprofessie beskou en hanteer. Voorts sal daar gepoog word om vas te stel volgens watter maatreëls en riglyne 'n onderwyser (i.c. opvoeder) in ander lande as bevoeg verklaar word.

## 5.2 BEVOEGDHEID OM AS ONDERWYSER TE PRAKTISEER

"Bevoegdheid" is 'n moeilike konsep om te definieer, en daarom bestaan daar wyduiteenlopende standpunte oor die konsep "bevoegdheid". Die woord "bevoegd" het toepassing op 'n persoon wat meer as die vereiste of natuurlike vaardigheid in die uitvoering van 'n sekere handeling toon (Grobler & Van der Merwe, 1995:2). Dit is dus die vermoë van 'n persoon om 'n spesifieke taak volgens bepaalde vereistes uit te voer.

Die COTEP (Committee on Teacher Education Policy)-verslag (1994:10) definieer bevoegdheid as 'n komplekse groepering van integrerende kennis, vaardighede, waardes en houdings. Fuller (1994:24) definieer bevoegdheid as 'n breë reeks van komplekse, tegniese of professionele werkshandelinge wat in 'n wye verskeidenheid van kontekste uitgevoer kan word.

Bevoegdheid in die onderwysopset word geassosieer met die professionele kwalifikasies waaroor die onderwyser (i.c. opvoeder) beskik (Grobler & Van der Merwe, 1995:2). Die beste wyse om die konsep "bevoegdheid" in die onderwysopset te definieer, is om vas te stel wat as "onbevoegd" aanvaar word. Bridges (1992:5) som "onbevoegdheid" in 'n onderwysverband op as 'n onvermoë om

- behoorlike dissipline te handhaaf,
- die leerlinge ordentlik en met die nodige respek te behandel,
- die vakinhoudelike effektief oor te dra,
- onderrigadvies van sy toesighouers te aanvaar,
- ware meesterskap in die onderrig van sy vak te openbaar;
- professionele statuur te verkry en te groei, en
- bevredigende resultate met die leerlinge wat onderrig word, te behaal.

'n Onbevoegde onderwyser is 'n onderwyser wat die nodige kwalifikasies behaal het, maar nie oor die vermoë beskik om sy pligte op 'n professionele wyse uit te voer nie.

In hierdie afdeling sal gekonsentreer word op die onderskeie wyses van onderwyser-registrasie in sommige lande van die wêreld. Die effektiwiteit van enige opvoedkundige program hang van die toegerustheid van die onderwyser af (Strahan & Turner, 1987:45). Die gehalte van die onderwysers is die spil waarom sodanige opvoedkundige program sentreer (Strahan & Turner, 1987:45).

### 5.2.1 Onderwyserbevoegdheid in die VSA

In die VSA is daar vroeër van ongekwalifiseerde onderwysers gebruik gemaak om onderwys te gee (Strahan & Turner, 1987:46). Hierdie ongekwalifiseerde persone het hulle terselfdertyd voorberei en bekwaam vir 'n ander professie, soos byvoorbeeld die regsprofessie. Die ontwikkeling van onderwys as 'n selfstandige professie het eers ná die ontstaan van onderwyskolleges in die 1840's plaasgevind (Strahan & Turner, 1987:46). Aspirantonderwysers het hulle toe met 'n "roeping" tot die onderwys begin vereenselwig. Die feit dat onderwysers die belange van die leerlinge bokant besoldiging geplaas het, het veroorsaak dat die mees kreatiewe en produktiewe lede van die gemeenskap weens swak besoldiging eerder ander professies gevolg het (Strahan & Turner, 1987:46). Een van die eerste maniere wat deur die staat gebruik is om professionele standaarde en die onderwysprofessie te verbeter, was die praktyk van sertifisering. Hierdie aksie het waarskynlik die meeste daartoe bygedra om die gehalte van onderwys te verbeter en om die beroep te professionaliseer (Strahan & Turner, 1987:46).

Schoop en Dunklee (1992:45) wys daarop dat sertifisering slegs beteken dat die onderwyser aan die minimum vereistes voldoen om 'n onderwyser te mag wees. Sertifisering beteken egter nie dat 'n onderwyspos gewaarborg word nie (Alexander & Alexander, 1992:559). Levin (1990:32) wys daarop dat die onderskeie state en plaaslike rade in die VSA oor gesag beskik om bykomende, redelike reëls en regulasies vir onderwysers daar te stel. Skooldistrikte beskik oor gesag om sekere bykomende vereistes of voorwaardes vir die indiensneming van onderwysers te stel. So kan 'n skooldistrik van 'n gesertifiseerde onderwyser verwag om homself beter te kwalifiseer of toe te rus vir sy taak (Schoop & Dunklee, 1992:51). Deur die gebruikmaking van sertifisering word die publiek verseker dat beoefenaars van die professie oor die minimum persoonlike en professionele kwalifikasies beskik (Strahan & Turner, 1987:46).

Die vereistes vir sertifisering kan van tyd tot tyd deur die onderskeie state verander word om te verseker dat onderwysers voortdurend aan die hoë standaard wat van 'n onderwyser verwag word, voldoen. 'n Onderwyslisensie of -sertifikaat kan ook van 'n onderwyser ontneem word (Strahan & Turner, 1987:47). Die gebrek aan 'n sertifikaat is genoegsame bewys van onbevoegdheid (Strahan & Turner, 1987:48). Om vir sertifisering as 'n onderwyser in aanmerking te kom, moet die onderwyser gewoonlik

- 'n Amerikaanse burger wees,
- ten minste 18 jaar oud wees,
- van goeie morele karakter wees,
- vry wees van enige oortredings wat direk met die pligte en verantwoordelikhede van die onderwysprofessie verband hou,
- Engels na behore kan gebruik, en
- die eksamens aflê soos wat deur die Staatsraad vir Onderwys voorgeskryf is (Sparkman & Campbell, 1993:194-195).

Levin (1990:32) voeg hierby dat die meeste onderwysers in die VSA gegradueer is en oor 'n onderwysersertifikaat beskik.

Daar word van 'n aspirantonderwyser verwag om 'n aantal voorafvasgestelde kursusse suksesvol te voltooi in die vakgebied waarin hy beoog om te onderrig. In die tydperk 1989-1990 het 39 van die state in die VSA van 'n onderwyser verwag om 'n toelatingseksamen te slaag voordat hy kan onderrig. Daar kan ook van 'n voornemende onderwyser verwag word om 'n lojaliteitseed af te lê nadat hy die Nasionale Onderwyserseksamen geslaag het. Addisionele vereistes, soos onder andere beter akademiese kwalifikasies en die voortsetting van kwalifikasies, word ook erken (Alexander & Alexander, 1992:559).

Met verwysing na die belangrikheid van onderwysersertifisering het 'n regter van 'n federale hof in die VSA daarop gewys dat die belangrikheid van sertifisering nie in die stuk papier geleë is nie, maar eerder in die onderrig en opleiding wat die persoon ontvang om in aanmerking te kom vir registrasie. Hierdie tipe kennis is volgens die regter noodsaaklik as 'n persoon 'n goeie onderwyser wil word (Sparkman & Campbell, 1993:195). Regspraak en die onderskeie wetgewings van die verskillende state in die VSA maak dit baie duidelik dat 'n belastingbetaler se geld nie gebruik mag word om ongesertifiseerde onderwysers te betaal nie (Schoop & Dunklee, 1992:45). Ongekwalifiseerde onderwysers word as vrywilligers beskou en ontvang dus geen betaling nie. Plaaslike rade wat ongekwalifiseerde onderwysers aanstel en betaal, stel hulle aan 'n

kriminele klag bloot (Reutter, 1981:55). Howe het ook al uitspraak gegee waarin daarop gewys is dat dit die staat se hoogste belang is om toe te sien dat die kinders slegs onderrig word deur behoorlik toegeruste persone (Sparkman & Campbell, 1993:196).

As gevolg van die staat se reg om onderwysers te registreer, het die staat ook 'n kollaterale reg om registrasie op te skort (Sparkman & Campbell, 1993:200).

Op die oomblik word daar na die Amerikaanse skole verwys as skole in 'n krisis, omdat die publiek daarvan oortuig is dat die gehalte van onderrig gedaal het (Strahan & Turner, 1987:48). Van die redes wat aangevoer word, is dat die staat nie behoorlike voordele en salarisse aan onderwysers betaal om die beste menslike potensiaal in die onderwysprofessie te kry nie. Wetgewings begin nou erken dat menslike talente aangespoor word deur genoegsame voordele (Strahan & Turner, 1987:48). Bevoegdheidstoetse deur onderwysers en administreerders word nou toegelaat. Sommige state het hul sertifiseringstandaarde merkbaar verander. In baie gevalle word daar van onderwysers verwag om gereelde professionele aktiwiteite by te woon en verder te studeer (Strahan & Turner, 1987:49).

### 5.2.2 Onderwyserbevoegdheid in Engeland

In Engeland word die verantwoordelikheid om onderwysers aan te stel, gedelegeer, maar die liggame wat onderwysers aanstel mag slegs behoorlik gekwalifiseerde onderwysers aanstel. Die vereiste kwalifikasies word in die Regulasie betreffende die Onderwys van 1989 vervat (Harris, 1992:184). Hierdie regulasie het toelatingsvereistes effens verminder as gevolg van 'n akute tekort aan onderwysers in sekere vakgebiede. Voorheen was dit noodsaaklik dat 'n onderwyser 'n gegradueerde persoon in die onderwysveld moes wees (Harris, 1992:184).

'n Onderwyser kan nou deur middel van indiensopleiding as 'n gelisensieerde onderwyser kwalifiseer (Harris, 1992:184). Gekwalifiseerde onderwyserstatus kan op die volgende maniere verkry word (Harris, 1992:184):

- Die suksesvolle verwerwing van 'n onderwysgraad.
- Die suksesvolle verwerwing van 'n hoër onderwysdiploma wat deur die Europese gemeenskap erken word.
- Die suksesvolle voltooiing van 'n diensperiode as gelisensieerde onderwyser.

Die minimum vereiste vir gelisensieerde onderwysers is twee jaar voltydse opleiding. Hierdie minimum vereiste geld slegs in gevalle waar daar 'n tekort aan onderwysers in sekere vakrigtings voorkom (Harris, 1992:185).

Verder word goeie gesondheid, goeie gedrag en 'n goeie opvoedkundige rekord met betrekking tot behaalde resultate as vereistes gestel. 'n Persoon wat hom skuldig maak aan 'n kriminele oortreding waarby kinders betrokke is, word beskou as ongeskik vir die onderrig van kinders. 'n Vorige ontslag weens swak prestasie diskwalifiseer ook 'n persoon vir aanstelling in 'n onderwyspos (Harris, 1992:188).

### 5.2.3 Onderwyserbevoegdheid in Wes-Duitsland

Wes-Duitsland is 'n land met 'n federale stelsel; daarom kan die onderskeie provinsies, net soos die state in die VSA, addisionele vereistes vir onderwysbevoegdheid stel. Onderwysers word in Wes-Duitsland as staatsamptenare beskou. Die onderwysprofessie in Wes-Duitsland vereis dat voornemende onderwysers 'n lang, intensiewe akademiese en praktiese opleiding ondergaan, wat deur middel van 'n eksamen geëvalueer word (Richter, 1990:134).

Die opleiding van onderwysers vir die primêre skoolfase duur gewoonlik tussen ses en agt semesters, terwyl die opleiding van onderwysers vir die sekondêre skoolfase nie minder as agt semesters mag duur nie (Dekker, 1989:67). Alle aspirantonderwysers moet 'n proeftydperk van gewoonlik 18 maande voltooi voordat 'n staatseksamen afgelê word (Dekker, 1989:67). Geen gekwalifiseerde onderwyser in Wes-Duitsland het 'n vanselfsprekende reg op indiensneming nie; indiensneming geskied op aansoek. Talle goed gekwalifiseerde onderwysers in Wes-Duitsland is tans werkloos (Richter, 1990:134). Onderwys word in Wes-Duitsland beskou as 'n professie wat aan die persoon sekuriteit bied. Onderwysers wat lewenslank in diens geneem word, verdien goeie salarisse, het lang vakansies, en hulle werksure wissel tussen 20 en 30 ure per week (Richter, 1990:135).

### 5.2.4 Onderwyserbevoegdheid in die voormalige USSR

Truter (1989:197) wys daarop dat die duur van onderwyseropleiding in die eertydse USSR vier jaar was. In die tydperk 1983/84 het meer as 75% van die onderwysers in die USSR uit gegradueerdes bestaan. In 1984 is daar geleidelik oorgeskakel na 'n vyf jaar lange opleiding van onderwysers (Truter, 1989:197). Onderwysstudente word deur middel van 'n uiters kompeterende toelatingseksamen gekeur (Truter, 1989:197). Praktiese onderwys duur gewoonlik 16 tot 19 weke van elke jaar van opleiding. Die bywoning

van indiensopleiding elke vyf jaar is 'n diensvoorwaarde vir onderwysers in die USSR. Nuutaangestelde hoofde en adjunkhoofde moet 'n voltydse twee maande lange opleiding deurloop voordat hulle as administreerders kan praktiseer. Onderwysers word baie gehelp om hulle kwalifikasies te verbeter. So byvoorbeeld ontvang 'n gekeurde kandidaat vir die meestersgraad sy volle salaris tydens die duur van sy studietydperk (Truter, 1989:198).

### 5.2.5 Onderwyserbevoegdheid in Japan

Aoki (1990:321) wys daarop dat die onderwyserstatus in Japan baie hoog is; in baie gevalle hoër as dié van mediese dokters. Die mense moet geloof in onderwysers hê (Aoki, 1990:321). Die term *sensei* word as aanspreekvorm vir akademiese doktore gebruik. Die hoë status wat die Japanese onderwyser geniet, verdien hy terdeë (Pretorius, 1989:278). Onderwysers in Japan ondergaan intensiewe en gevorderde opleiding voordat 'n onderwysersertifikaat uitgereik word. Die onderwysers openbaar 'n geweldige werkywer. Hulle is selfs gedurende vakansietye aktief by skoolaktiwiteite en indiensopleidingsprogramme betrokke. In Japan word hulp ten opsigte van die oplossing van misdaad en kindermishandeling as deel van die onderwyser se plig beskou (Pretorius, 1989:278).

### 5.2.6 Onderwyserbevoegheid in Kenia

Bondesio (1989:307) wys daarop dat onderwyseropleiding in Kenia aan verskillende soorte onderwyskolleges plaasvind. Op die hoogste vlak strek die opleiding oor drie jaar, en lei tot 'n B.Ed.-graad. In die primêre skoolfase bly ongekwalifiseerde onderwysers steeds 'n ernstige probleem. Bykans 50% van die onderwysers in hierdie fase is ongekwalifiseerd (Wainaina, 1995:5). By die professionele sertifisering van onderwysers word daar kategories tussen onderwysers onderskei. As gevolg van die geweldige vraag na onderwys word die regering se pogings om die kwaliteit van onderwysers te verhoog, geneutraliseer. Die gevolg hiervan is dat daar noodgedwonge van ongekwalifiseerde onderwysers gebruik gemaak moet word (Bondesio, 1989:308).

### 5.2.7 Onderwyserbevoegdheid in Nigerië

Volgens Niemann en Van Tonder (1989:345) word daar drie soorte opleidingskursusse vir primêre onderwysers in Nigerië aangebied, naamlik 'n vierjarige onderwysdiploma, 'n tweejarige naskoolse sertifikaat en opgraderingskursusse vir ondergekwalifiseerde onderwysers. Engels en Wiskunde is verpligte vakke in hierdie opleiding. Onderwysers vir die sekondêre fase word aan universiteite of aan gevorderde onderwyskolleges opgelei. Gewone grade soos B.A., B.Sc. en B.Ed. word met 'n professionele onderwysdiploma

opgevolg (Niemann & Van Tonder, 1989:345). Tegniese en beroepsgerigte onderwysers word oor 'n periode van drie jaar by aparte onderwyskolleges opgelei; dit sluit 'n professionele kursus in (Niemann & Van Tonder, 1989:346).

### 5.2.8 Onderwyserbevoegdheid in Kanada

In Kanada is die sertifisering van onderwysers, volgens provinsiale regulasies, die verantwoordelikheid van die onderwysdepartement van die betrokke provinsie. Die onderwyssertifikaat is nie 'n studiesertifikaat nie, maar 'n sertifikaat wat die persoon magtig om skool te hou. Die voorwaarde vir die uitreiking van hierdie sertifikaat is dat die kandidaat 'n bepaalde akademiese en professionele kwalifikasie bereik het. Die provinsie Nova Scotia reik agt gewone onderwyssertifikate uit, afhangende van die kwalifikasie waaroor die persoon beskik (Steyn, 1989:386). So byvoorbeeld kry 'n persoon wat 'n driejarige studietydperk aan 'n onderwyskollege voltooi het 'n Klas 4-sertifikaat en 'n onderwyser met 'n doktorsgraad 'n Klas 8-sertifikaat. Onderwysstudente word streng gekeur (Steyn, 1989:387).

## 5.3 ONDERWYSERGEDRAG (WANGEDRAG)

In hierdie bespreking sal veral gekonsentreer word op daardie aspekte van onderwysergedrag wat in ander lande as die mees algemene vorme van onderwyserwangedrag beskou word. Slegs enkele aspekte van die mees algemene vorme van wangedrag, soos in Artikel 12 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) vervat, sal bespreek word. Hierdie aspekte oorvleuel en ondersteun mekaar in 'n groot mate. So byvoorbeeld word wangedrag in Suid-Afrika hoofsaaklik aan kriminele misdrywe gekoppel, terwyl kriminele misdrywe in die VSA as immorele gedrag beskou word.

### 5.3.1 Insubordinasie

Insubordinasie word gedefinieer as 'n "willful disregard of or refusal to obey reasonable directives" (Wood & Baldwin, 1993:186). Black's Law Dictionary (1983:408) beskryf insubordinasie as 'n toestand van ongehoorsaamheid aan 'n gemagtigde gesagsorgaan. Wanneer 'n onderwyser per definisie insubordinasie pleeg, sal die hof, selfs in die afwesigheid van 'n wet, sy ontslag bekragtig (Brooks, 1990:3). Hierdie definisie onderskei insubordinasie nie genoegsaam van ander aanklagte soos byvoorbeeld nalatigheid en onprofessionele gedrag nie (Brooks, 1990:79). Insubordinasie behels primêr die opsetlike ongehoorsaamheid aan redelike opdragte (Brooks, 1990:80).

In terme van Artikel 12 (c) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) word insubordinasie in die Suid-Afrikaanse konteks beskryf as 'n handeling van ongehoorsaamheid aan 'n wettige bevel wat deur 'n gemagtigde persoon uitgereik is nie. Die verontagsaming van 'n wettige bevel sal ook as insubordinasie beskou word.

'n Groot verskeidenheid van gedragsvorme kan as insubordinasie gereken word; daarom is dit meesal 'n aanvegbare saak. So byvoorbeeld is onderwysers al aan insubordinasie skuldig bevind omdat hulle nie hulle baard geskeer het nie, nie ingeënt is nie, nie daarin kon slaag om 'n meestersgraad te behaal nie, en nie met meerderes wou saamwerk nie (Strahan & Turner, 1987:154). In 1982 was daar in die VSA 'n geval waar 'n onderwyseres in 'n kafeteria voor die kinders te kenne gegee het dat sy nie die hoof se instruksie sal volg nie. Sy het hom ook "asinine" en "paranoid" genoem. Die hof het haar aanmerkings as insubordinasie beskou, omdat dit die gesag ondermyn en die harmonie tussen die werkers versteur het (Strahan & Turner, 1987:185).

'n Ander geval in die VSA is dié van 'n onderwyser wie se aansoek vir verlenging van verlof nie goedgekeur is nie. Toe die onderwyser nie vir diens opgedaag het nie is die onderwyser op grond van insubordinasie en nalatigheid ontslaan (Shoop & Dunklee, 1992:85). In 'n ander geval is 'n onderwyser deur die Bristonse beheerraad ontslaan op grond van die feit dat hy nie verder as atletiekafrigter wou optree nie en derhalwe geweier het om sy kontrak te onderteken. Die hof het die ontslag gehandhaaf, omdat die opdrag 'n redelike opdrag was en nie diskriminerend van aard nie (Shoop & Dunklee, 1992:86).

Mawdsley (1994:20) en Van Geel (1987:368) noem onder andere die volgende gevalle wat in die VSA as insubordinasie beskou is:

- 'n Onderwyser wat geweier het om 'n professionele groeiplan te voltooi.
- 'n Onderwyser wat geweier het om by die superintendent se kantoor aan te meld.
- 'n Onderwyser wat in die skoolgebou gerook het.
- Die toediening van lyfstraf wat strydig met die skoolreëls was.
- Afwesigheid sonder verlof.
- Weiering om gehoor te gee aan die voorskrifte rakende kleredrag en voorkoms.
- Die weiering om pligte uit te voer.

Volgens die Handves van Menseregte behoort vryheid van spraak in elke skool as ideaal gestel te word. Die Amerikaanse Wet bepaal egter dat akademiese vryheid nie as 'n

verskoning vir insubordinasie, onbekwaamheid of indoktrinasie geld nie (Mac Kay, 1984:280).

### 5.3.2 Nalatigheid of traagheid in die uitvoering van pligte

Die terme "nalatigheid" en "traagheid" word dikwels in dieselfde verband as "onbevoegdheid" en "onbekwaamheid" gebruik (Wood & Baldwin, 1993:187). Die Black's Law Dictionary (1983:538) omskryf nalatigheid as die versuim om 'n besondere taak te verrig wat deur 'n redelike mens gedoen sou word. Volgens Odendal *et al.* (1984:725) verwys nalatigheid na 'n mens se versuim om te doen wat hy veronderstel is om te doen.

Artikel 12 (d) in die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) gee nie 'n duidelike omskrywing van wat nalatigheid of traagheid in die Suid-Afrikaanse konteks beteken nie.

'n Gebrek aan vaardigheid kan nie op sigself as nalatigheid gereken word nie (Prinsloo, 1987:17). 'n Onderwyser maak homself egter aan nalatigheid skuldig wanneer hy 'n onderwystaak wat 'n besondere vaardigheid verg, aanpak sonder dat hy oor die nodige vaardighede daarvoor beskik. 'n Persoon is slegs aanspreeklik vir onregmatige dade wat deur sy eie skuldige optrede veroorsaak is. In die Republiek van Suid-Afrika geld die regsbeginsel van mede-aanspreeklikheid. Hiervolgens is die werkgewer aanspreeklik vir die onregmatige dade van die werknemer (Prinsloo, 1987:18).

In 1978 is 'n onderwyser in die VSA op grond van 'n gebrek aan klasdissipline uit sy pos ontslaan. Die hof het egter sy ontslag ongeldig verklaar op grond van die feit dat die werkgewer oor geen oordeelkundige gedragskode beskik het aan die hand waarvan die dissipline van die onderwyser gemeet kon word nie (Strahan & Turner, 1987:154).

In 'n geval in Alabama is 'n onderwyser ontslaan omdat hy nie 'n individuele opvoedingsprogram kon administreer nie. Hierdie handeling is as nalatigheid beskou (Shoop & Dunklee, 1992:88). In New York is 'n onderwyser ontslaan op grond van nalatigheid omdat hy gereeld laat by die skool opgedaag het. In Nebraska is 'n skoolhoof ontslaan op grond van nalatigheid omdat hy onder meer nie dissipline in die skool kon handhaaf nie, die vertroue van die onderwysers verloor het, oneffektief in sy verhoudinge met die personeel was, en nie daarin kon slaag om met die skoolraad saam te werk nie (Shoop & Dunklee, 1992:88).

Mawdsley (1994:20) verwys na 'n geval in die VSA waar 'n onderwyser van nalatigheid aangekla en ontslaan is omdat die onderwyser 'n gedeelte van 'n onbehoorlike film aan die leerlinge vertoon het sonder dat die onderwyser vooraf na die film gekyk het, soos wat vereis word. In 'n ander voorval is 'n onderwyseres in Oregon (VSA) van nalatigheid aangekla en ontslaan, maar die appèlraad het haar ontslag tersyde gestel. Die polisie het by die betrokke onderwyseres se huis dagga gevind wat haar man daar aangeplant het. Die appèlraad het bevind dat die onderwyseres nie haar man kon verhoed om sekere dinge by die huis te doen nie, en daarom kon die beheerraad nie nalatigheid aan die kant van die onderwyseres bewys nie (Mawdsley, 1994:21).

Van Geel (1987:368) gee die volgende opsommende aspekte van wangedrag wat in die VSA as nalatigheid getipeer word:

- Nie opdaag vir die klas nie.
- Onvermoë om klasse te beheer.
- Gebrek aan kennis.
- Onvermoë om nuwe onderrigmetodes te aanvaar en te implementeer.
- Swak behandeling van leerlinge.
- Blatante nalatigheid.
- Die onvermoë om 'n opvoedingsprogram te volg.

In Engeland kan 'n onderwyser ontslaan word indien hy nie die vermoë het om na behore te presteer nie. 'n Onderwyser kan in Engeland ook ontslaan word op grond van nalatigheid of traagheid indien hy nie oor genoegsame kwalifikasies beskik nie (Harris, 1992:195). Nalatigheid blyk egter nie 'n probleem te wees in Engeland en Wallis nie, omdat die aangeklaagde onderwysers die professie verlaat voordat hulle verhoor kan word (Partington, 1990:104).

Singhal (1990:269) wys daarop dat daar in Indië 'n groot probleem bestaan wat nalatigheid en traagheid van onderwysers betref. Singhal (1990:269) verwys onder meer na onderwysers wat

- nie die minimum voorgeskrewe periodes onderrig gee nie,
- nie sillabusse binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie,
- nie behoorlike sensusregisters voltooi soos wat verwag word nie, en
- nie vir indiensopleiding wat aangebied word, opdaag nie.

Die praktyk van onderwyserevaluering bestaan feitlik glad nie in Indië nie, en die kontrolering van afwesighede van onderwysers is 'n vermorsing van tyd, omdat skoolhoofde hulpeloos is om enige aksie teen die oortreders te neem. Die wette en regulasies wat bestaan, is dus slegs op papier operasioneel en nie in die praktyk nie (Singhal, 1990:269).

### 5.3.3 Immorele gedrag

Onder die begrip "immorele gedrag" word ook skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike gedrag verstaan. Die begrip "onsedelikheid" word nie noodwendig deur alle gemeenskappe op dieselfde manier vertolk nie. In die Amerikaanse regspraak word onsedelikheid byvoorbeeld baie wyd vertolk (Van Wyk, 1979:79): "Not merely good character but good reputation is essential to the greatest usefulness of the teacher in the schools." Hiervolgens kan enige gedrag wat in stryd met die morele en sedelike opvattinge van die betrokke gemeenskap is, of wat 'n swak voorbeeld aan die jeug stel, as onsedelik gereken word (Van Wyk, 1977:79).

Die begrip "immoreel" word deur Odendal *et al.* (1984:432) verbind met 'n handeling wat strydig is met die goeie sedes; optrede wat as sedeloos (onsedelik) getipeer kan word. Immoraliteit word ook verbind met 'n inkonsekwensie by die uitlewing van reëls en beginsels wat met moraliteit in verband staan. Immorele gedrag kan dus beskou word as gedrag wat strydig is met die goeie morele waardes (Black, 1983:382).

Immoraliteit is 'n term wat dikwels verwarring veroorsaak wanneer oorweging aan die ontslag van 'n onderwyser geskenk word. Immoraliteit is nie net tot seksuele wangedrag beperk nie; dit word gedefinieer as enige aksie wat volgens die standaarde van die gemeenskap as skadelik vir die openbare welsyn beskou word (Wood & Baldwin, 1993:185). Enige aktiwiteit wat op korrupsie of onwelvoeglikheid neerkom, kan dus as immoreel beskou word en as genoegsame gronde dien vir die bewys van wangedrag (Wood & Baldwin, 1993:185).

Die howe in die VSA is geneig om immoraliteit so te definieer dat dit die kernwaardes van die gemeenskap reflekteer (Shoop & Dunklee, 1992:77). Wanneer die gemeenskap se waardes verander, verander die howe hul definisie van immoraliteit (Shoop & Dunklee, 1992:77). In 1983 het 'n hof in Boston onder meer van onderwysers gevra om voorbeeldig op te tree en die basiese waardes van die gemeenskap uit te leef. 'n Beroep is op beheerrade van skole gedoen om slegs onderwysers aan te stel wat van goeie morele karakter is (Alexander & Alexander, 1992:585).

Immorele gedrag word egter deur middel van wetgewing in verskeie state van die VSA as grondige rede vir onderwyserontslag erken (Alexander & Alexander, 1992:584). Alhoewel die term "immoraliteit" al dikwels in die VSA beskou is as ongrondwetlik te vaag, word onderwyserontslag gewoonlik deur die howe in die VSA op grond van immoraliteit gehandhaaf, veral as die gedrag in verband staan met die onderwyser se bevoegdheid om te onderrig (Alexander & Alexander, 1992:584). Wanneer immorele gedrag die onderwyser se werk beïnvloed, handhaaf die howe gewoonlik ontslag as 'n strafmaatreël (Strahan & Turner, 1987:153). Die morele ingesteldheid van 'n onderwyser in die VSA word deur die publiek baie meer nougeset gevolg as dié van enige ander professie. Daar bestaan 'n verwagting in die gemeenskap dat die onderwyserskorps besondere morele waardes sal uitleef (Shoop & Dunklee, 1992:71).

Die standaarde van immoraliteit van 'n onderwyser se privaat lewe kan baie moeilik geartikuleer word. Waar 'n klag van wangedrag op beweerde immorele gedrag berus, moet die skooldistrik kan bewys dat die betrokke gemeenskap se waardes aangetas is. 'n Onderwyser is 'n voorbeeld vir die leerlinge, en daarom moet die onderwyser se gedrag aan die vereistes van die gemeenskap voldoen. Sou die onderwyser se rol as model bots met die individu se reg op privaatheid, moet die hoof van die skool kan bewys dat die handelinge van die onderwyser direk verbind kan word met die onderwyser se effektiwiteit in die onderrig- en leerproses (Wood & Baldwin, 1993:185).

Histories is die privaat lewe van onderwysers in Amerika deur skooldistrikte beheer. Daar was 'n tyd toe 'n onderwyser ontslaan kon word weens 'n egskeiding, 'n huwelik, of die gebruik van alkohol en tabak. Alhoewel hierdie praktyke nie meer toegepas word nie, kan daar sekerlik geargumenteer word dat hierdie aktiwiteite 'n negatiewe uitwerking kan hê op 'n onderwyser se prestasie in die klaskamer (La Morte, 1993:235).

Immoraliteit is nie net beperk tot seksuele wangedrag nie (Wood & Baldwin, 1993:185). Volgens Alexander en Alexander (1992:585) is 'n onderwyser in 1982 aan immorele gedrag skuldig bevind omdat sy gelieg het. Sy het 'n konferensie sonder toestemming bygewoon en by haar terugkoms "siekte" as rede vir haar afwesigheid aangevoer. Die hof het in hierdie betrokke saak die ontslag op grond van immorele gedrag gehandhaaf (Alexander & Alexander, 1992:585).

In 1982 is 'n onderwyser in die VSA aan seksuele wangedrag skuldig bevind op grond van suggestiewe opmerkings wat hy teenoor aspirantonderwysstudente gemaak het (Strahan & Turner, 1987:153). In 'n ander geval wys Mawdsley (1994:21) daarop dat

'n onderwyser weer aangestel is nadat 'n skooldogter vaderskaptoetse ondergaan het en die betrokke onderwyser as die vader van die kind uitgeken is. In hierdie onderwyser se geval was sy getuienis meer geloofwaardig as dié van die skooldogter, want die dogter kon onder meer nie die datum en tyd van die seksuele daad korrek verskaf nie.

Die gebruik van vulgêre taal word gewoonlik ook as immorele gedrag beskou. So byvoorbeeld het die hof in 1977 die ontslag van 'n onderwyser wat 'n kind 'n slet genoem en geïmpliseer het dat sy 'n prostituut is, gehandhaaf (Strahan & Turner, 1987:154).

Morele laagheid of gemeenheid word in die Amerikaanse opset ook as immorele gedrag beskou. In 'n hof in Florida is die ontslag van twee onderwysers gehandhaaf omdat hulle in besit van 52 daggaplantjies was. Die hof het in hierdie geval bevind dat die onderwysers die morele standaard van die gemeenskap geïgnoreer het (Alexander & Alexander, 1992:586). In 'n ander geval in die VSA is 'n onderwyser onskuldig bevind aan morele gemeenheid nadat daar een daggaplant in sy besit gevind is wat hy uit nuuskierigheid gekweek het (Alexander & Alexander, 1992:587). Die skuldigbevinding aan posbedrog in die Amerikaanse gemeenskap is per geleentheid in 1989 as morele laagheid of gemeenheid getipeer, en het as genoegsame rede gedien om die betrokke onderwyser se magtigingsertifikaat om onderwys te gee, op te skort (Alexander & Alexander, 1992:587).

Die Amerikaanse howe beskou heteroseksuele verhoudings tussen onderwysers en leerlinge - ook ná skool - as immoreel. 'n Onderwyser wat hom hieraan skuldig maak, is volgens die reg nie geskik om te onderrig nie. In gevalle waar die leerling nie direk deur die onderwyser onderrig word nie, is die Amerikaanse howe meer tegemoetkomend. Daar bestaan 'n geval in die VSA waar 'n vyftienjarige seun by sy onderwyseres as minnaar ingewoon het. Die onderwyseres kon egter nie ontslaan word nie, omdat sy die seun nie meer onderrig het nie (Mac Kay, 1984:271).

Shoop en Dunklee (1992:80) wys daarop dat die kwessie van 'n persoon se seksuele voorkeure al hoe meer aandag in die VSA geniet. Die meeste superintendente van onderwys is van mening dat hul nie bewustelik 'n homoseksueel as onderwyser sal aanstel nie (Shoop en Dunklee, 1992:80). Homoseksualiteit word as afstootlik beskou, omdat dit in konflik met die tradisionele waarde van heteroseksualiteit staan (Shoop & Dunklee, 1992:80). Die hoofargument teen homoseksuele onderwysers is die impak wat homoseksuele onderwysers op die seksualiteit van die leerlinge kan hê (Shoop & Dunklee, 1992:81). In 1972 is 'n homoseksuele onderwyser na 'n nie-onderrighoedanigheid oorgeplaas. Die hof het bevind dat dit diskriminerend was, maar het egter bygevoeg

dat die onderwyser se optrede op televisie die saak verander het. Hierdie betrokke onderwyser het oor die nasionale televisie sy standpunt oor homoseksualiteit en sy betrokkenheid by homoseksuele aktiwiteite verdedig. Die howe is klaarblyklik nie so bekommerd soos die onderwysowerhede oor die impak wat homoseksuele in die onderrigproses kan hê nie (Shoop & Dunklee, 1992:81). In 'n ander voorval in 1982 het die hof die ontslag van 'n homoseksuele onderwyser gehandhaaf op grond van immorele optrede. Die hof het verduidelik dat dit in hierdie aangeleentheid nie oor sy seksuele voorkeure gaan nie, maar eerder oor die wyse en plek waar hy sy voorkeur uitgeoefen het (Shoop & Dunklee, 1992:81).

In 1977 is 'n onderwyser in die staat Washington (VSA) op grond van sy homoseksualiteit ontslaan. Volgens die hof het die betrokke onderwyser sy privaat lewe sorgvuldig van sy lewe by die skool geskei. Hy het nooit homoseksuele opmerkings teenoor sy kollegas of leerlinge gemaak nie. Vir meer as twaalf jaar het hierdie onderwyser sy taak nougeset uitgevoer. Sy beste vriende op die personeel van die skool was nie bewus van sy homoseksualiteit nie, en die onderwyser het ook nie die klaskamer gebruik om homoseksualisme te bespreek nie (La Morte, 1993:234). Die hof het egter bevind dat die onderwyser verwarring, suspisie, vrees en ouerbekommernis sou veroorsaak indien die betrokke onderwyser sou voortgaan met sy pligte (La Morte, 1993:235).

Selfs onderwysmateriaal (veral in kuns- en letterkundeklasse) kan as onwelvoeglik of onbetaamlik beskou word (Mac Kay, 1984:208). 'n Onderwyser in die VSA is byvoorbeeld ontslaan omdat hy dwelms in die skoolkoerant gekondoneer en die gebruik daarvan aangemoedig het (Mawdsley, 1994:21).

Volgens Van Geel (1987:367) word die volgende handelinge in die VSA as morele wangedrag in die onderwys beskou:

- Kriminele aktiwiteite.
- Onkonvensionele seksuele aktiwiteite.
- Seksuele betrokkenheid by leerlinge.
- Homoseksualiteit.
- Om 'n baba te verwag buite huweliksverband.
- Onkonvensionele lewenstyl.
- Die gebruik van swak taal voor die leerlinge.

Daar bestaan 'n geval in Engeland waar 'n mnr. Vogler in 1975 seks met 'n sestienjarige dogter van sy skool gehad het en as gevolg daarvan uit sy pos ontslaan is. Omdat mnr.

Vogler van mening was dat daar geen regulasie of voorwaarde bestaan het wat hom sodanige seks verbied nie, het hy beswaar teen sy ontslag aangeteken. Die hof het egter aangevoer dat sodanige gedrag nie by 'n verantwoordelike persoon soos 'n onderwyser pas nie. Hierdie vorm van gedrag is volgens die hof 'n geïmpliseerde diensvoorwaarde, dit wil sê 'n voorwaarde wat enige redelike persoon van nature sou aanvaar het. In die beslissing van die hof is van die redelike-mens-toets gebruik gemaak. (Adams, 1984:52).

In Indië bestaan daar 'n gedragskode wat sake rakende immorele en onbetaamlike gedrag aanspreek, maar volgens Singhal (1990:269) word dit nie toegepas nie.

### 5.3.4 Misdrywe

Die Black's Law Dictionary (1983:195) beskryf 'n misdryf as 'n oortreding teenoor die staat. 'n Misdryf kan dus enige handeling wees deur middel waarvan 'n persoon sy verpligting teenoor die gemeenskap verbreek. In die geval van 'n verbreking van sodanige verpligting maak wetgewing op so 'n wyse daarvoor voorsiening dat daar met die oortreder gehandel kan word om die gemeenskap tevrede te stel. 'n Misdryf word as 'n strafbare oortreding beskou (Odendal *et al.*, 1984:704). 'n Misdaad (misdryf) word as 'n wederregtelike skuldige doen of late beskou. In die geval van 'n misdaad word die openbare belang gewoonlik aangetas. Die sanksie in die geval van 'n misdaad is straf wat op vergelding, voorkoming af afskrikking van misdaad gerig is. In sommige gevalle het die straf dit ten doel om die oortreder te hervorm (Snyman, 1986:1-3).

Daar is 'n graadverskil tussen kriminele misdrywe en kriminele oortredings. Kriminele oortredings word gewoonlik as van 'n minder ernstige aard beskou. Onder die federale wetgewing in Amerika word alle oortredings, behalwe misdade (misdrywe), as kriminele oortredings bestempel (Black's Law Dictionary, 1983:517). In die geval van kriminele oortredings word gewoonlik boetes, opgeskorte vonnisse ensovoorts opgelê. In die VSA word daar 'n duidelike onderskeid tussen misdrywe en oortredings gemaak (Alexander & Alexander, 1992:587).

Alexander en Alexander (1992:587) wys daarop dat kriminele misdrywe soms met immorele gedrag in die VSA geassosieer word. In 1987 het 'n hof hierdie siening beaam deur te bevind dat 'n kriminele misdryf of skuldigbevinding as genoegsame rede beskou kan word om as immorele gedrag geag te word (Alexander & Alexander, 1992:587). 'n Onderwyser is in 1975 skuldig bevind op aanklagte van diefstal, aanranding en ontvlugting van die polisie. Die onderwyser se verweer dat dit nie redelik was om

hom te ontslaan nie is deur die hof van die hand gewys, omdat die onderwyser se gedrag buite die klaskamer tog in 'n redelike verhouding staan tot sy bevoegdheid om te onderrig (Alexander & Alexander, 1992:587).

Wood en Baldwin (1993:188) wys daarop dat onderwysers soms vir misdade gearresteer word. Hierdie misdrywe word getipeer as van 'n meer afstootlike aard as dié van gewone oortredings. Volgens Wood en Baldwin (1993:188) het hierdie misdrywe nie noodwendig 'n negatiewe uitwerking op die onderwyser se klasprestasie nie, maar misdrywe van 'n ernstige aard kan veroorsaak dat 'n onderwyser se magtigingsertifikaat om te kan onderrig, onttrek kan word. In die VSA ondersteun die howe gewoonlik ontslag wat met ernstige kriminele misdrywe gepaard gegaan het (Wood & Baldwin, 1993:188).

Wat onderwysers se betrokkenheid en ontslag op grond van kriminele aktiwiteite betref, verskil die judisiële respons in die VSA baie. In een geval is 'n onderwyser se ontslag deur die hof gehandhaaf nadat die betrokke onderwyser die bestaande wetgewing oor dagga aangeval het en ook erken het dat hy dagga al vir twintig jaar op 'n daaglikse basis gebruik. Volgens die hof se uitspraak het die onderwyser deur sy erkenning dat hy die landswette al oor 'n lang tydperk oortree het, 'n boodskap aan die leerlinge oorgedra dat dit aanvaarbaar is om die landswette te verbreek. Dit het as genoegsame rede gedien om die onderwyser onbevoeg te bevind om verder te kan onderrig (Van Geel, 1987:376). In 'n ander voorval is die ontslag van 'n onderwyser weens die besit van 'n daggaplant nie gehandhaaf nie. Die hof was in hierdie saak van mening dat die betrokke onderwyser die misdaad nie weer sou begaan nie, en daarom nie 'n negatiewe invloed op die leerlinge sal hê nie. Dit wil dus voorkom asof kriminele oortredings nie meer as die norm vir ontslag dien nie, maar dat daar eerder gekyk word na die effek wat sodanige kriminele oortredings op die leerlinge kan hê (Van Geel, 1987:376).

Alexander en Alexander (1992:588) wys daarop dat onderwysers in die VSA deesdae vir die besit en gebruik van beheerde stowwe ontslaan word. Wetgewing in die onderskeie state maak nie spesifiek voorsiening vir ontslag as gevolg van dwelmmiddels nie. In die verlede is onderwysers wat hul aan dwelmmisbruik skuldig gemaak het, ontslaan op grond van immoraliteit, morele gemeenheid en onbevoegdheid om as onderwyser op te tree. In 1979 het so 'n saak in Georgia voorgekom waar 'n onderwyseres skuldig gepleit het op die klag van besit van beheerde stowwe. Die onderwyseres was 'n eerste oortreder en is op proef (korrektiewe toesig) uitgeplaas. Sy is na twee ander skole oorgeplaas, maar as gevolg van die publisiteit wat hierdie saak in die openbaar geniet het, is sy ontslaan op grond van immorele gedrag (Alexander & Alexander, 1992:588).

La Morte (1993:220) wys daarop dat daar in Amerika 'n poging deur sommige skoolowerhede was om onderwysers vir dwelmgebruik te toets. Die howe het egter die toetsing van onderwysers, behalwe in gevalle waar daar 'n redelike mate van suspisie was, verwerp (La Morte, 1993:220). Volgens die howe kan sulke dwelmtoetse inbreuk op die menswaardigheid en privaatheid van die betrokke onderwysers maak as daar nie 'n redelike mate van suspisie bestaan nie (La Morte, 1993:220-221).

Die Rehabilitation of Offenders Act 1974 in Engeland maak daarvoor voorsiening dat sekere kriminele oortredings na 'n spesifieke periode as "verstreke" beskou word. Ná hierdie periode is dit vir die individu nie nodig om die oortreding enigsins te vermeld nie, selfs al word dit van hom gevra. Sekere professies, waaronder die onderwysprofessie, is egter uitgesluit van hierdie bepaling. 'n Opvoeder (i.c. onderwyser) word derhalwe verplig om hierdie inligting op aanvraag bekend te maak (Harris, 1992:190).

In Engeland kan 'n onderwyser ontslaan word op grond van wangedrag wanneer hy byvoorbeeld die werkgewer se eiendom gesteel het. Minder ernstige oortredings word eers voorafgegaan deur 'n waarskuwing (Harris, 1992:196). Alhoewel die dissiplinêre kode dit duidelik stel dat gedrag buite werksverband slegs tot ontslag kan lei wanneer dit die persoon se geskiktheid om sy werk te beoefen, affekteer, is 'n drama-onderwyser tog op grond van die besit van dagga ontslaan (Harris, 1992:196). Die hof het egter in hierdie besondere saak bevind dat die persoon se vorige goeie gedrag en die ondersteuning van die personeel nie in aanmerking geneem is nie, en daarom het die hof die ontslag van hierdie onderwyser tersyde gestel (Harris, 1992:196).

'n Appèlsaak van 'n onderwyser wat in Engeland aan die gebruik van dagga skuldig bevind is, het op die volgende hofbevinding uitgeloop (Barrell & Partington, 1985:154): As die oortreding buite werksverband voorkom en ernstige en werklike gevolge vir die werker se verhouding met ander werkers inhou, of die werker 'n gevaar vir andere (veral vir kinders) maak, dan word die ontslag as regverdig beskou. Hierdie uitspraak van die appèlhof het aanleiding gelei tot die ontslag van nog drie onderwysers wat geen kriminele misdrywe begaan het nie. Die bestuursrade van die skole wat hulle ontslaan het, het aangevoer dat die onderwysers se gedrag 'n gevaar vir die leerlinge inhou. Die eerste onderwyser wat as gevolg van hierdie hofbeslissing ontslaan is, het gom in die klas gesnuif, die tweede onderwyser het vir die wettiging van dagga betoog en die derde was 'n manlike onderwyser wat vroueklere gedra het (Barrell & Partington, 1985:154-155).

In Suid-Afrika is dit volgens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe, 41 van 1971 onwettig om dagga te gebruik of in besit daarvan te wees (Snyman & Morkel, 1988:284).

## 5.4 FUNDAMENTELE REGTE

Fundamentele regte word soms ook as 'n handves van menseregte beskou. Elke persoon het die reg om teen die handelinge van die staat beskerm te word. Fundamentele regte is deel van die grondwet wat die oppergesag van die land is. Elke individu se regte wat in terme van fundamentele regte gewaarborg word, word opgeweeg teen die regte wat ook vir ander individue gewaarborg word (Bray, 1992:17).

In hierdie bespreking sal kortliks verwys word na sommige aspekte wat in hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (200:1993) vervat is en wat 'n moontlike invloed op die samestelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit in 'n veranderende Suid-Afrika kan uitoefen. Die fundamentele regte, soos in hoofstuk 3 van die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat, sal as 'n basis gebruik word en van toepassing gemaak word op die internasionale terrein. Alle aspekte van hoofstuk 3 kan egter nie bespreek word nie, omdat die onderskeie grondwetlike regte mekaar in 'n groot mate oorvleuel en aanvul. Die doel van hierdie bespreking is om te bepaal of onderwysers op die internasionale front absolute grondwetlike regte het, en of sekere grondwetlike regte beperk word of kan word.

### 5.4.1 Privaatheid

Die begrip "privaatheid" kan omskryf word as 'n toestand waar 'n persoon persoonsvrede, sonder stoornis van buite sy gesin, kan geniet (Odendal *et al.*, 1984:858). Die begrip "privaatheid" kan ook omskryf word as 'n toestand van weg wees van andere, alleen en ongesteurd (Hornby *et al.*, 1986:664). Black's Law Dictionary (1983:623) omskryf die reg op privaatheid as die reg wat 'n persoon het om alleen gelaat te word. Essensieel bestaan die reg op privaatheid uit die reg wat elke persoon het om sy lewe te lei met die minimum inbreukmaking (Van Dijk & Van Hoof, 1991:368).

Die begrip "privaatheid" is volgens Alexander en Alexander (1992:624) 'n moeilike begrip om te omskryf. Volgens Alexander en Alexander (1992:624) hou die begrip "privaatheid" veral met die volgende twee aspekte verband:

- Die reg of vermoë van die individu om te bepaal hoeveel en watter inligting oor homself aan andere geopenbaar mag word.
- Die vryheid van die individu om self te besluit watter handelinge hy wil uitvoer en aan watter ondervindings hy homself wil blootstel.

### 5.4.1.1 Privaatheid in Kanada

Die meeste skoolrade in Kanada beskik oor regulasies wat hulle magtig om onderwysers te ontslaan op grond van kriminele oortredings wat die onderwysers in "privaatheid" begaan het. Die vraag wat egter gevra kan word, is of sodanige regulasies nie 'n verbreking van 'n onderwyser se privaatheid is nie (MacKay & Sutherland, 1990:201-202). Die privaatheid van onderwysers in Kanada word verder aan bande gelê deur die betrokke gemeenskap waarin die onderwyser werksaam is (MacKay & Sutherland, 1990:202). So byvoorbeeld sal 'n onderwyser wat homself met 'n homoseksuele groep assosieer, kan verwag dat sy reg op privaatheid in 'n liberale gemeenskap (gewoonlik stede) erken word. In 'n meer konserwatiewe gemeenskap sou dit nie noodwendig die geval wees nie (MacKay & Sutherland, 1990:202).

Onderwysers in Kanada is gedurig onder die soeklig van die gemeenskap. Die ouers in Kanada is baie sensitief oor die kwessie van wie die voorbeeld aan hulle kinders moet stel.

In die volgende gevalle is die onderwyser (i.c. opvoeder) se reg op privaatheid nie deur die howe gehandhaaf nie:

- In die saak ***Abbotsford School District 34 Board of School Trustees v. Shewan and Shewan*** het die Hooggeregshof asook die Appèlhof in Brits-Columbië nie die onderwyser se reg op privaatheid gehandhaaf nie. In hierdie saak het 'n onderwyseres haar by geleentheid halfnaak deur haar eie man laat fotografeer. Haar man was ook 'n onderwyser. Die foto van die halfnaak onderwyseres is in 'n Amerikaanse tydskrif gepubliseer.
  Die hof het in sy uitspraak daarop gewys dat 'n onderwyser se gedrag moet voldoen aan die standaard wat gestel word deur die gemeenskap waarin hy werk. Die onderwyser se private gedrag moet nie die openbare vertroue in die skoolstelsel skade berokken nie (MacKay & Sutherland, 1990:202).

- In 'n ander saak is 'n homoseksuele onderwyser se reg op privaatheid ook nie deur die howe gehandhaaf nie. Die betrokke onderwyser was in 'n konserwatiewe

gemeenskap werksaam. Die onderwyser het hom met 'n homoseksuele groep geassosieer.
Die hof het in sy uitspraak daarop gewys dat die onderwyser die konserwatiewe standaard van die gemeenskap moet handhaaf en respekteer (MacKay & Sutherland, 1990:202).

Daar bestaan ook 'n mate van beperking op die privaatheid van Kanadese onderwysers in hul werksopset. So byvoorbeeld kan onderwysers in Ontario hulle nie met 'n onderwysersorganisasie van hul keuse assosieer nie, omdat daar nie ander lidmaatskapopsies beskikbaar is nie (MacKay & Sutherland, 1990:202-203).

**5.4.1.2 Privaatheid in die VSA**

Die woord "privaatheid" kom nie in die Amerikaanse Grondwet of die Handves van Regte voor nie. Die grondwetlike reg op privaatheid word as 'n fundamentele en basiese reg op individuele vryheid aanvaar. In hierdie opsig word dit as 'n geïmpliseerde reg beskou, wat sy oorsprong uit verskeie bronne van die Handves van Menseregte het (Alexander & Alexander, 1992:623).

Shoop en Dunklee (1992:67) is van mening dat, indien daar 'n grondwetlike reg op privaatheid sou bestaan het, die ontslag en dissiplinering van 'n onderwyser op grond van persoonlike gedrag 'n verbreking van hierdie reg op privaatheid sou wees.

In die verlede is daar van onderwysers in die VSA verwag om in hul persoonlike gedrag as rolmodelle op te tree. Selfs vandag nog word onderwysers as rolmodelle beskou, maar wel teen 'n veranderende en totaal verskillende grondwetlike agtergrond (Van Geel, 1987:371). So byvoorbeeld het die howe wetgewing oor die persoonlike besit van ongewenste filmmateriaal opgehef.

Onderwysers in die VSA beroep hulle in die meeste gevalle op die skending van hul privaatheid in uitsprake wat handel oor seksuele gedrag, seksuele voorkeure, kleredrag en voorkoms, en kriminele aktiwiteite.

Wat seksuele gedrag betref, is die ontslag of indiensneming van 'n homoseksuele onderwyser vir howe in die VSA 'n kwellende probleemarea (Van Geel, 1987:373).

Aspekte rondom die kleredrag en voorkoms van onderwysers geniet heelwat aandag in die howe van die VSA. Skoolowerhede is in die algemeen van mening dat behoorlike

kleredrag en voorkoms die professionele beeld van die onderwyser versterk (La Morte, 1993:221). Aan die ander kant is onderwysers van mening dat sodanige regulasies en skoolbeleid 'n inbreuk op hul privaatheid en vryheid maak. Na verskeie hofsake is daar tot die slotsom gekom dat skoolowerhede by magte is om beheer uit te oefen oor die voorkoms en kleredrag van onderwysers (La Morte, 1993:226). Regulasies oor die kleredrag en voorkoms van onderwysers sal slegs as ongrondwetlik beskou word indien dit so irrasioneel is dat dit arbitrêr is. Tot dusver is regulasies in hierdie verband gemik op die aanmoediging van respek vir gesag, tradisionele waardes, dissipline in die klaskamer en sosiaal aanvaarbare voorkoms (Van Geel, 1987:376).

Die howe in die VSA aanvaar egter die skoolrade se magte en bevoegdhede om onderwysers se persoonlike gedrag binne redelike perke te beheer (Alexander & Alexander, 1992:624).

In die volgende sake wat in die VSA voorgekom het, is die onderwyser se reg op privaatheid deur die howe gehandhaaf (Van Geel, 1987:372-374):

- In 1974 is 'n regulasie wat bepaal het dat 'n swanger onderwyseres vier maande voor die geboorte van haar kind verlof moet neem, ongeldig verklaar. Die hof het in sy uitspraak daarop gewys dat die besondere regulasie 'n inbreuk op die individuele vryheid van die persoon maak. Soos aan die begin van hierdie paragraaf daarop gewys, word die reg op individuele vryheid gekoppel aan die reg op privaatheid.
- In 1977 en 1978 het die howe die onderwyser se reg op privaatheid gehandhaaf in gevalle waar onderwysers buite-egtelik met iemand anders saamgewoon het. Die howe het in hierdie gevalle daarop gewys dat dit die onderwysers se reg op individuele vryheid (privaatheid) is om te besluit of hulle binne of buite die huwelik wil saamleef.
- 'n Betrokke onderwyseres is as gevolg van 'n egskeiding deur die skoolraad ontslaan. Die hof het egter beslis dat die onderwyseres se reg op privaatheid en haar reg op vrye keuse deur die skoolraad geskend is.

In die volgende gevalle is daar egter beslis dat die onderwyser se reg op privaatheid nie geskend is nie (Van Geel, 1987:373-375):

- 'n Betrokke onderwyser is ontslaan nadat sy seksuele gedrag onder die aandag van die gemeenskap gekom het. Die hof het in hierdie saak bevind dat die ontslag geregverdig was, omdat die onkonvensionele aard van die onderwyser

se seksuele gedrag sy werk nadelig beïnvloed het. Die ontslag van die onderwyser is nie as 'n skending van sy privaatheid beskou nie.

- 'n Onderwyseres het aan almal vertel dat sy biseksueel is en 'n vroulike minnaar het. Die hof het tydens die handhawing van die ontslag van die onderwyseres daarop gewys dat die seksuele lewe van die onderwyseres niks met andere te maak het nie, en dat dit daarom onvanpas was om dit aan andere oor te dra. Die onderwyseres het deur haar optrede self haar reg op individuele vryheid (privaatheid) verbreek.
- 'n Onderwyser wat besluit het om sy eie kind na 'n privaatskool vir blankes te stuur, is ontslaan. Die hof het die ontslag gehandhaaf en in sy uitspraak daarop gewys dat die betrokke onderwyser deur sy gedrag nie 'n aanvaarbare voorbeeld aan die leerlinge en die gemeenskap gestel het nie, en dat die ontslag nie die onderwyser se reg op privaatheid (individuele vryheid) verbreek het nie.

Volgens die howe in die VSA moet die privaat lewe van onderwysers privaat wees; hulle moet sorg dat hulle hul privaat lewe privaat hou (Shoop & Dunklee, 1992:68). Die feit dat skoolowerhede in die VSA meer beheer oor die kleredrag en voorkoms van onderwysers as oor die kleredrag en voorkoms van die leerlinge kan uitoefen, is vir baie onderwysers onverstaanbaar (La Morte, 1993:226).

#### 5.4.1.3 Privaatheid in Israel

In Israel is onderwysers se reg op privaatheid uiters beperk as gevolg van die noue verwantskap tussen die staat, godsdiens en onderwys (Goldstein, 1990:301). Hierdie aspek sal in paragraaf 5.4.3, wat oor godsdiensvryheid, geloof en opinie handel, verder toegelig word.

#### 5.4.1.4 Privaatheid in Wes-Duitsland en Switserland

In Wes-Duitsland en Switserland word daar van onderwysers politieke lojaliteit verwag. Daardeur word hulle reg op privaatheid beperk en selfs geskend (Richter, 1990:134).

As gevolg van die "liberaliseringsproses" wat in Europa posgevat het, is die handhawing van dissipline uiters moeilik. Reëls oor kleredrag en voorkoms is byvoorbeeld baie afgeskaal (Richter, 1990:133).

### 5.4.2 Vryheid van uitdrukking

In die Verenigde Volke Organisasie se Handves van Menseregte word daar bepaal dat elke individu die reg op vryheid van opinie en uitdrukking het (Sieghart, 1983:327). Volgens Sieghart (1983:327) impliseer die reg op vryheid van uitdrukking dat die individu ook die reg het om sekere opiniestandpunte te hou. Volgens die Afrika-weergawe van die Handves van Menseregte het elke individu die reg op vryheid van uitdrukking. Hiervolgens het elke individu ook die reg om inligting te ontvang, en om sy opinie uit te spreek en te dissemineer solank dit binne die perke van die wet geskied (Sieghart, 1983:328).

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1991:46) dui 'n verband aan tussen die individu se reg op vryheid van uitdrukking en sy reg op vryheid van spraak. Hiervolgens impliseer die reg op vryheid van uitdrukking dat elke individu ook die reg het om vryelik inligting te bekom en te versprei. Die Black's Law Dictionary (1983:299) verbreed die reg op vryheid van uitdrukking in so 'n mate dat dit gelyk gestel word aan aspekte soos vryheid van spraak, vryheid van die pers en vryheid om te vergader.

#### 5.4.2.1 Vryheid van uitdrukking in Kanada

In Kanada word die vryheid van uitdrukking beskerm deur 'n handves van menseregte. Die artikel wat oor die vryheid van uitdrukking handel, sluit die reg op oortuiging, geloof en opinie in by vryheid van uitdrukking. Die definisie wat aan hierdie reg gegee is, is egter baie wyd en sluit onder meer enige aktiwiteit in wat betekenis van enige aard oordra of probeer oordra. In hierdie opsig sluit dit ook uitdrukking in die vorm van gedrag en kleredrag in. Wat onderwysers betref, word die vryheid van uitdrukking in twee kategorieë verdeel, naamlik uitdrukking binne skoolverband en uitdrukking buite skoolverband (MacKay & Sutherland, 1990:200).

Volgens die Kanadese Handves van Menseregte kan van 'n onderwyser verwag word om hom sodanig uit te druk dat dit binne die parameters van die voorgeskrewe kurrikulum sal val (MacKay & Sutherland, 1990:200).

Onderwysers in Kanada vind dit moeilik om hul reg op vryheid van uitdrukking te versoen met die bepaling dat hulle op grond van insubordinasie ontslaan kan word as hulle kritiek op hulle werkgewers lewer. Kritiek op kollegas word in terme van wetgewing in Kanada beperk (MacKay & Sutherland, 1990:201).

In die volgende sake is die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking nie deur die howe gehandhaaf nie (MacKay & Sutherland, 1990:200-201):

- 'n Onderwyser is in Alberta ontslaan omdat hy in die klaskamer die verdrukking van die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog as stories en versinsels afgemaak het. Die hof was van mening dat daar nie op die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking inbreuk gemaak is nie, omdat die onderwyser die bepaalde standpunte buite die parameters van die voorgeskrewe kurrikulum gehuldig het.
- 'n Onderwyser is ontslaan omdat hy tydens 'n ouervergadering van 'n ander skool waar sy eie kinders leerlinge was, 'n onderwyser oor sy onderrigmetodes gekritiseer het. Die hof het die ontslag van die betrokke onderwyser gehandhaaf, omdat die hof van mening was dat die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking in sommige gevalle deur die gedragskode van onderwysers beperk word. Hierdie gedragskode bepaal dat 'n onderwyser nie sy kollega in die openbaar mag kritiseer nie.

In die volgende gevalle kon daar nie met sekerheid bepaal word of 'n onderwyser sy reg op vryheid van uitdrukking oorskry het nie (MacKay & Sutherland, 1990:201):

- 'n Betrokke onderwyser in New Brunswick het in 'n boek wat hy geskryf het die mening gehuldig dat die verdrukking van die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog slegs versinsels is. Die skoolraad kon nie besluit of hulle teen die onderwyser mag optree nie, omdat die onderwyser nie sy standpunte by die skool verkondig het nie.
- Indien 'n onderwyser onortodokse klere sou dra omdat dit die wyse is waarop hy sy reg op vryheid van uitdrukking uitoefen, moet daar gevra word of die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking in hierdie geval 'n nadelige effek op die skool sal hê.

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking in Kanada nie 'n absolute reg is nie. Die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking buite skoolverband word klaarblyklik gehandhaaf.

### 5.4.2.2 Vryheid van uitdrukking in die VSA

Vryheid van uitdrukking is 'n aspek wat baie aandag in die howe van die VSA geniet. Tradisioneel is onderwysers in die VSA as staatsamptenare beskou, en daarom was onderwysers se vryheid van uitdrukking beperk. Daar is geargumenteer dat dit 'n

voorreg was om in diens van die staat te wees, en nie 'n reg nie. In sommige state van die VSA het wetgewing voorsiening gemaak vir die beperking van die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking (La Morte, 1993:196).

Die beskerming wat ten opsigte van vryheid van uitdrukking in die VSA aan die individu gegee word, gee nie aan 'n onderwyser die reg om buitensporige en belaglike kritiek op gepaste en behoorlike regulasies van skoolowerhede te lewer nie. Dit gee ook nie aan onderwysers die reg om skoolowerhede en ander onderwysers af te breek en hul gesag te ondermyn nie (Alexander & Alexander, 1992:610). La Morte (1993:202) wys daarop dat daar beperkte vryheid van uitdrukking vir onderwysers in die VSA bestaan. Slegs uitdrukkings wat in die openbare belang is, sal toegelaat word (La Morte, 1993:201). Die reg op vryheid van uitdrukking kan slegs deur persone wat 'n direkte belang by die aangeleentheid het, aangevoer word (Mawdsley, 1994:10).

Die Hooggeregshof in die VSA het egter bevind dat opmerkings (vryheid van spraak) wat nie in die openbaar nie maar tydens 'n vertroulike gesprek met byvoorbeeld die skoolhoof gemaak is, grondwetlike beskerming geniet (Shoop & Dunklee, 1992:73).

In aansluiting by die reg op vryheid van uitdrukking is die reg op akademiese vryheid. Onderwysers in die VSA is van mening dat wetgewing hulle verhoed om outonoom op te tree (La Morte, 1993:208). Akademiese vryheid word deur sommige gesien as 'n onvervreembare reg van die universiteitsdosent en die onderwyser in die VSA. Akademiese vryheid impliseer die reg om onderrigmateriaal te selekteer, asook vryheid ten opsigte van onderrigmetodes en vakinhoud (Delon, 1993:143). Die situasie is so uniek dat 'n skoolhoof homself kan blootstel aan 'n wetsgeding indien hy sou waag om die akademiese vryheid van die onderwyser te sensor (Delon, 1993:145). Die reg op akademiese vryheid word deur die howe in die VSA nie as 'n absolute reg beskou nie. Die onderwyser se reg op akademiese vryheid moet altyd eers teen die belange en regte van die groter gemeenskap opgeweeg word (La Morte, 1993:208).

In volgende sake is die onderwyser se vryheid van uitdrukking deur die howe in die VSA gehandhaaf:

- In die saak ***Pickering v. Board of Education of Township High School District, 205*** is 'n onderwyser (Pickering) ontslaan omdat hy 'n brief in 'n plaaslike koerant geskryf het waarin hy kritiek op verskeie van die skoolraad se handelinge gelewer het.

Die hof was in hierdie betrokke saak van mening dat die onderwyser se optrede in openbare belang was, omdat hierdie optrede die effektiwiteit van amptenare beoordeel het en ook hul effektiwiteit bevorder het (La Morte, 1993:197).

- In 'n soortgelyke saak is 'n onderwyser ontslaan omdat hy die gehalte van onderwys in die openbare skole aangespreek het.
  Die hof was in hierdie saak ook van mening dat die optrede van die onderwyser 'n saak van openbare belang was, en daarom is die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking gehandhaaf (Mawdsley, 1994:11).
- 'n Onderwyser is ontslaan omdat hy 'n opmerking (vryheid van spraak) in vertroulikheid aan die skoolhoof gemaak het. Die betrokke skoolhoof het die onderwyser se hantering van die skoolorkes gekritiseer. Die onderwyser het die hoof in privaatheid gaan spreek en op sy aantygings gereageer.
  Die Hooggeregshof se mening in hierdie saak was dat die hoof 'n soort reaksie van die onderwyser kon verwag het, omdat die onderwyser oor 'n hoër vlak van gespesialiseerde kennis en vaardighede rakende orkesaangeleenthede beskik het as die hoof. Die hof was verder van mening dat daar nie van die onderwyser verwag kon word om ter wille van persoonlike lojaliteit en vertroue teenoor die skoolhoof te swyg nie, en daarom is die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking gehandhaaf (Shoop & Dunklee, 1992:74).

In die volgende geval is die onderwyser se reg op vryheid van uitdrukking nie deur die hof gehandhaaf nie:

- In die saak ***Mt. Healthy City School District Board of Education v. Doyle*** is 'n onderwyser (Doyle) ontslaan omdat hy 'n memorandum, wat oor die hoof se riglyne betreffende die kleredrag en voorkoms van onderwysers handel, aan 'n radiostasie voorgelees het.
  Die hof was in hierdie betrokke saak van mening dat die onderwyser se optrede (sy uitsprake) nie in openbare belang was nie (La Morte, 1993:197).

Wanneer 'n onderwyser ontslaan word op grond van dit wat hy in die klaskamer sê, of as gevolg van materiaal of metodes wat hy gebruik, moet die skoolowerheid seker maak dat daar wettige opvoedkundige redes vir die ontslag aangevoer kan word (Delon, 1993:145-146). Beckham (1993:167) waarsku ook dat 'n skoolhoof nie 'n onderwyser in die evalueringsproses mag penaliseer net omdat hy nie saamstem met die wyse waarop die onderwyser sy reg op vryheid van uitdrukking uitoefen nie.

#### 5.4.2.3 Vryheid van uitdrukking in Israel

In Israel is onderwysers staatsamptenare, en daarom word hulle vryheid van uitdrukking (veral politieke uitdrukking) beperk (Goldstein, 1990:300). Onderwysers word ook deur wetgewing verbied om enige politieke propaganda vir enige politieke party te maak. As 'n onderwyser in gebreke bly om vaderlandsliefde en lojaliteit aan die staat en die Joodse tradisie aan die kinders oor te dra, word hy as onbevoeg beskou. 'n Onderwyser in Israel het dus geen vryheid van uitdrukking nie (Goldstein, 1990:300). Tog begin daar 'n gedagte in Israel posvat wat 'n onderwyser nie slegs as 'n oordraer van inligting beskou nie, maar ook as 'n opvoeder wat kinders deur sy gedrag, voorbeeld, handelinge en woorde vorm (Goldstein, 1990:301).

#### 5.4.2.4 Vryheid van uitdrukking in Japan

Onderwysers in Japan geniet ingevolge Artikel 2 van die Onderwyswetgewing akademiese vryheid en die vryheid van uitdrukking (Aoki, 1990:321). Wetgewing in Japan bepaal dat dit belangrik is dat mense vertroue in die onderwysers moet hê. Onderwysers moet nie robotte wees wat deur hul meerderes beheer word nie. Hulle moet outonoom wees en 'n professionele verantwoordelikheid vir die onderrigproses aanvaar (Aoki, 1990:321). Daar is egter ook beperkinge. Ingevolge Artikel 36 van die Onderwyswetgewing in Japan mag onderwysers nie by politieke aktiwiteite buite die skool betrokke wees nie (Aoki, 1990:325). Die Japanese howe het egter bepaal dat onderwysers die reg op vryheid van uitdrukking moet kry, aangesien die regering nie 'n onderwyser kan verplig om 'n sekere opinie te propageer nie (Aoki, 1990:325).

#### 5.4.2.5 Vryheid van uitdrukking in Engeland

In Engeland is hoofde al aangespreek omdat hulle die anti-rassistiese en multikulturele onderwysstelsels gekritiseer het. Hierdie hoofde het volgens die tribunale deur die uitoefening van hul reg op vryheid van uitdrukking die gesag van die werkgewer ondermyn (Partington, 1990:104).

#### 5.4.2.6 Vryheid van uitdrukking in Australië

In Australië word daar van onderwysers verwag om te verseker dat hulle onderrig sekulêr en polities neutraal sal wees. Die wyse van onderrig word in wetgewing vervat (Birch, 1990:160).

### 5.4.3 Godsdiens, geloof en opinie

Elke individu behoort vry te wees om uiting aan sy geloofsoortuiginge te gee, met dien verstande dat dit nie met andere se reg op godsdiens- en geloofsvryheid inmeng nie (Cachalia *et al.*, 1994:52).

Die reg op vryheid van geloof, denke, oortuiging en opinie is by geleentheid deur die Europese Hof vir Menseregte getoets. Daar is bevind dat beperkinge ten opsigte van 'n individu se politieke en filosofiese oortuigings, asook die bekendmaking van sy godsdienstige oortuigings, in sekere professies nie van krag kan wees nie. Volgens die Europese Hof vir Menseregte maak hierdie beperkinge in sekere professies 'n inbreuk op die individu se reg op vryheid van geloof, oortuiging en opinie (Van Dijk & Van Hoof, 1991:397-398).

#### 5.4.3.1 Godsdiens, geloof en opinie in Kanada

Kanada handhaaf 'n multikulturele aanslag in die onderrig van godsdiens in skole. Die Brits-Columbiaanse Wetgewing bepaal dat elke dag begin sal word met skriflesing en die "Onse Vader" as gebed. Die Ontario Onderwyswet plaas 'n verpligting op die onderwyser om die Judeo-Christelike morele waardes te vestig. In Nova Scotia het onderwysers 'n soortgelyke plig wat Christelike moraliteit betref. In Alberta kan 'n skoolraad besluit oor die aanbieding van godsdiens in skole (MacKay & Sutherland, 1990:176). In 1988 het die Ontario Appèlhof egter bevind dat die gebruik van die Onse Vader-gebed in skole 'n inbreuk maak op die reg op godsdiensvryheid in terme van die handves van regte (Mackay & Sutherland, 1990:177).

#### 5.4.3.2 Godsdiens, geloof en opinie in die VSA

In die VSA word godsdienstige aktiwiteite in openbare skole slegs toegelaat wanneer sodanige aktiwiteite voor of na skool bedryf word, mits sodanige skool natuurlik 'n godsdienstige klub as buitekurrikulêre aktiwiteit aanvaar (Rossow, 1995:6). Die enigste uitsondering op hierdie reël is in die Clear Creek Independent School District waar die howe 'n skoolbeleid aanvaar het wat daarvoor voorsiening maak dat 'n gradeplegtigheid met gebed geopen en afgesluit kan word. Daar is egter ook 'n beperking op hierdie toegewing. Die inhoud van die gebed moet nie te godsdienstig van aard wees nie. In die geval van die Joint Independent School District het die hof egter bevind dat al sou die meerderheid van die leerlinge op 'n gebed tydens hierdie funksies besluit, kan die

skoolowerhede nie hulle verantwoordelikheid om skole godsdiensvry te hou, delegeer nie (Rossow, 1995:6).

Die godsdiensvryheid van onderwysers word gehandhaaf indien die uitoefening van die reg nie op die regte van die leerlinge en die goeie orde en dissipline van die skool inbreuk maak nie (Alexander & Alexander, 1992:627).

In die volgende saak is die onderwyser se reg op godsdiens, geloof en opinie deur die hof in die VSA gehandhaaf:

- 'n Onderwyser het geweier om sy vakbondledegeld te betaal, omdat die vakbond se standpunt in verband met aborsie en geboortebeperking nie met sy godsdienstige oortuigings ooreengestem het nie.
  Die hof was van mening dat die onderwyser se reg op vryheid van godsdiens, geloof en opinie gehandhaaf moet word. Die hof het verder 'n beroep op die vakbond gedoen om die onderwyser op 'n redelike wyse te akkommodeer (Russo, 1994:37).

In die volgende saak is die onderwyser se reg op vryheid van godsdiens, geloof en opinie nie gehandhaaf nie:

- In die saak ***Palmer v Board of Education of the City of Chicago*** het 'n onderwyser geweier om sekere aspekte van die sillabus te behandel, omdat dit teen sy godsdienstige oortuigings indruis.
  Die hof was van mening dat die staat, op grond van sy verpligting om behoorlike onderwys te voorsien, nie kan toelaat dat individuele onderwysers self besluit wat hulle wil onderrig nie. Onderwysers het geen reg om andere te onderwerp aan hulle persoonlike sieninge of opinies nie, hetsy op 'n direkte of indirekte wyse (Alexander & Alexander, 1992:627).

### 5.4.3.3 Godsdiens, geloof en opinie in Israel

In Israel word skole van mekaar onderskei op grond van hul spesifieke godsdienstige aard. Religie word op 'n uitgebreide skaal onderrig, omdat daar so 'n noue verwantskap tussen die staat en godsdiens in Israel is (Goldstein, 1990:292). 'n Onderwyser kan ontslaan word as hy nie meer die godsdienstige beginsels van die besondere skool nougeset naleef nie. Wanneer 'n onderwyser met iemand in die huwelik tree wat nie dieselfde godsdienstige beginsels as die skool uitleef nie, sal die raad sodanige gedrag

van die onderwyser as 'n defek in sy karakter beskou (Goldstein, 1990:302). 'n Onderwyser kan ook ontslaan word as hy sy eie kinders nie na 'n staatsgodsdienstige skool stuur nie (Goldstein, 1990:302). Wanneer die bogenoemde voorskrifte en riglyne in oënskou geneem word, veral wat 'n onderwyser se gade betref, is dit duidelik dat daar geen godsdiensvryheid en reg op privaatheid in Israelse skole bestaan nie (Goldstein, 1990:303). Selfs 'n verbreking van die Sabbat kan tot die ontslag van 'n onderwyser in Israel lei (Goldstein, 1990:304).

#### 5.4.3.4 Godsdiens, geloof en opinie in Wes-Duitsland

In Wes-Duitsland word universiteitslektore toegelaat om volgens hul eie oortuigings te onderrig. Alhoewel skoolgerigte wetgewing pedagogiese vryheid vir onderwysers toelaat, is die term "pedagogiese vryheid" nog nie na behore gedefinieer nie (Richter, 1990:134).

Godsdiensonderrig is nie verpligtend in Wes-Duitsland nie, omdat dit 'n gesekulariseerde land is, wat beteken dat dit 'n nie-kerklike land is (Richter, 1990:127).

Leerlinge word op 'n sekere ouderdom toegelaat om self te besluit of hulle deel aan godsdiensonderrig wil hê of nie. Die ouers het daarna geen seggenskap meer oor die godsdiensonderrig van hul kinders nie (Richter, 1990:132). In Wes-Duitsland is godsdiensonderrig 'n algemene vak in die skool (Richter, 1990:127). In baie Wes-Duitse skole word daar van 'n algemene Christelike gebed gebruik gemaak. Die federale howe in Wes-Duitsland het hierdie gebruik gehandhaaf en dit as 'n positiewe uitlewing van die beginsel van "vryheid van godsdiens" beskou (Richter, 1990:128).

### 5.4.4 Arbeidsverhoudinge

Omskrywings van die begrip "arbeidsverhoudinge" is nie duidelik nie; dit is óf te eng óf verouderd. Arbeidsverhoudinge is egter nie gerig op die uitbuiting van werknemers nie. Dit is ook nie 'n poging om werknemers te manipuleer nie, maar 'n proses van deelname wat in alle beroepsvlakke van 'n organisasie gebruik word. Die aard van die begrip "arbeidsverhoudinge" word soos volg deur Slabbert (1991:3-4) saamgevat:

- Dit het te make met die verhouding tussen die staat, werkgewer en werknemer. Hierdie drieledige verhouding toon kenmerke van interafhanklikheid in die organisasie.
- Intergroepverhoudings vorm die kern van arbeidsverhoudinge. Interpersoonlike verhoudinge speel ook 'n onmiskenbare rol in arbeidsverhoudinge.

- Die werknemer is op soek na die maksimum loon en die bes moontlike diensvoorwaardes, terwyl die werkgewer poog om die arbeidskoste so laag as moontlik te hou. Konflik is dus 'n inherente deel van werkgewer-werknemerverhoudinge.
- Die fundamentele doelwit met arbeidsverhoudinge is om arbeidsvrede te verkry, wat weer ekonomiese groei kan aanhelp. Dit word bereik deur 'n samewerkingsverhouding tussen werkgewers en werknemers.
- Arbeidsverhoudinge is die studie van aanvaarbare, wydersyds voordelige interaksiestelsels tussen werkgewers en werknemers.
- Arbeidsverhoudinge is interdissiplinêr van aard.

### 5.4.4.1 Arbeidsverhoudinge in Kanada

Onderwysers in Kanada is in 'n unieke posisie as gevolg van hul status as staatsamptenare, en daarom word onderwysers se reg om te staak baie streng deur wetgewing beheer. Die Kanadese Handves van Regte beskerm nie die reg om te mag staak nie (MacKay & Sutherland, 1990:206). Die howe in Kanada beskerm egter 'n onderwyser se reg om nie aan 'n staking deel te neem nie. In Newfoundland en Quebec is bepaal dat onderwysersvakbonde nie onderwysers wat weier om aan 'n staking deel te neem, mag dissiplineer nie (MacKay & Sutherland, 1990:206).

### 5.4.4.2 Arbeidsverhoudinge in die VSA

La Morte (1993:277) wys daarop dat daar in die VSA, wat arbeidsverhoudinge betref, 'n wye verskeidenheid van praktyke voorkom. Sommige state het geen wetgewing oor gesamentlike bedinging nie, terwyl ander state wel sulke wetgewing het wat onderwysers selfs toelaat om te staak (La Morte, 1993:277). In sommige state word gesamentlike bedinging in die hande van die plaaslike skoolowerhede gelaat, terwyl ander weer die privaatsektor as maatstaf gebruik. Ongeveer 70% van die state het wetgewing wat onderhandelinge in goeie trou met die plaaslike owerhede toelaat (La Morte, 1993:278).

Die reg van onderwysers in openbare skole om te mag staak, is 'n baie kontroversiële saak in die VSA. Die Hooggeregshof in die VSA het by geleentheid beslis dat onderwysers nie 'n inherente reg op staking het nie. Die hof het bevind dat geen werker sonder wetgewende magtiging 'n absolute reg het om te staak nie (Alexander & Alexander, 1992:733). Sekere state beskik oor wetgewing wat onderwysers onder bepaalde omstandighede toelaat om te staak. In ongeveer die helfte van die state in die VSA word onderwysers volgens wet verbied om te staak, en in sommige gevalle word die gevolge van 'n staking in die wet uitgespel (La Morte, 1993:278).

Die reg van staatsamptenare om in kollektiewe bedinging betrokke te raak, het belangrike wetlike aspekte, soos byvoorbeeld die reg van werkers om te organiseer, die magte van die skoolowerhede om kollektief te beding, die reg op staking en die gesag van die skoolraad om hul aan verpligte arbitrasie te onderwerp (Alexander & Alexander, 1992:732). Wetgewing wat werkers verbied om te staak, kom nie op 'n verbreking van gelyke beskerming in terme van die Amerikaanse arbeidswetgewing neer nie (Alexander & Alexander, 1992:732).

In die volgende sake is die handelinge wat uitgevoer is as 'n verbreking van gesonde arbeidsverhoudinge en -praktyk beskou (Russo, 1994:42-43):

- Die skoolraad het 'n eensydige besluit geneem om die werkplek (skool) as 'n rookvrye area te verklaar. Die vakbond het hierdie besluit in die hof betwis. Die Hooggeregshof in Connecticut was van mening dat dit van die skoolraad vereis word om met die vakbond te onderhandel, veral met betrekking tot die sekondêre impak wat so 'n bestuursbesluit op die werksomstandighede van die onderwysers kan inhou.
- In 'n ander saak het die vakbond die skoolraad se besluit om 'n ander evalueringsinstrument in gebruik te neem, betwis. Die Appèlhof was in sy uitspraak van mening dat die nuwe maatreël (evalueringsinstrument) 'n saak was wat onderhandelinge genoodsaak het, omdat die bestuurshandeling moontlike voorwaardes van indiensneming kon affekteer.

Die howe in die VSA het ook die volgende interessante uitsprake met betrekking tot arbeidsverhoudinge gemaak:

- In die saak ***Board of Education of City of Asbury vs Asbury Park Education Association (1976)*** is die weiering om buitemuurse aktiwiteite te verrig as 'n staking deur die hof beskou. Die hof was in hierdie saak van mening dat buitemuurse aktiwiteite 'n integrale deel van die kind se opvoeding uitmaak, en daarom is dit 'n integrale deel van die onderwyser se plig om buitemuurse aktiwiteite aan te bied (Alexander & Alexander, 1992:743).
- Howe in die VSA vind dit moeilik om die reg om te staak in verband te bring met die 180 voorgeskrewe minimum verpligte skooldae. In 1983 het 'n hof bevind dat die skoolraad korrek opgetree het deur die skooljaar te verkort as gevolg van onderwyserstakings. Die hof het die skoolraad se besluit om verminderde salarisse aan die stakende onderwysers te betaal, gehandhaaf (Alexander & Alexander, 1992:744).

Die publiek se houding teenoor staatsamptenare wat staak, het meer verlig geraak met die verloop van tyd, en so ook die howe se siening van stakings. In die Amerikaanse privaatsektor word daar van verpligte arbitrasie gebruik gemaak as 'n alternatief tot stakings, en hierdie vorm van dispuutoplossing kan moontlik algemeen in openbare onderwys gebruik word (Alexander & Alexander, 1992:733).

#### 5.4.4.3 Arbeidsverhoudinge in Wes-Duitsland

Onderwysers in Wes-Duitsland beskik oor die reg op vryheid van assosiasie, en kan dus by 'n vakbond van hul keuse aansluit. Hulle beskik egter nie oor die reg om te staak nie. Die rede hiervoor is dat die diensvoorwaardes van onderwysers deur wetgewing beheer word, en nie op die basis van 'n loonkontrak berus nie (Richter, 1990:134).

#### 5.4.4.4 Arbeidsverhoudinge in Japan

In Japan is onderwysers staatsamptenare. Hulle word volle grondwetlike regte gewaarborg, maar sommige van die regte word deur wetgewing beperk. Artikel 28 van die Japanese Grondwet laat onderwysers toe om vryelik te assosieer en organiseer met die oog op gesamentlike bedinging. Kollektiewe bedinging is egter nie absoluut nie, aangesien die owerhede by magte is om sake oor 'n wye spektrum van kollektiewe bedinging te verwerp (Aoki, 1990:324). Ingevolge Artikel 37 van die Onderwyswetgewing in Japan mag onderwysers nie aan stakings deelneem nie (Aoki, 1990:325).

## 5.5 SAMEVATTING

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die onderwyser as 'n professionele persoon wel oor die meeste grondwetlike regte van ander landsburgers beskik. Die onderwyser se regte, gedrag en bevoegdheid moet egter aan die waardes en norme van die gemeenskap voldoen. Daar kan dus van die professionele onderwyser 'n besondere standaard van gedrag en bevoegdheid vereis word. Die regte van professionele onderwysers, soos in die onderskeie grondwette en handveste van regte vervat, is nie absoluut nie.

Wat onderwyserprofessionaliteit betref, hou die stand van sake in ander lande bepaalde lesse vir Suid-Afrika in. In die lig van die bogenoemde bespreking kan die volgende vereistes aan 'n professionele onderwyser gestel word:

- Hy moet oor gespesialiseerde kennis en besondere vaardighede beskik om sy taak na behore uit te voer.
- Hy moet deur 'n amptelike registrasie- of sertifiseringsliggaam toelating tot die onderwysprofessie verkry.
- Sy gedrag binne sowel as buite die skool moet aan die waardes en norme van die gemeenskap beantwoord.
- Hy moet homself aan 'n gedragskode vir professionele onderwysers onderwerp en aanvaar dat sommige riglyne van so 'n gedragskode dalk 'n inbreuk op sy persoonlike regte kan maak.
- Hy moet bereid wees om beoordeel te word in terme van die redelike-professionele-man-toets en nie in terme van die redelike-man-toets nie.
- Hy moet voortdurend sy bevoegdheid en bekwaamheid deur middel van verdere studie en indiensopleidingsprogramme verbeter.